


## **STELLENBERG PINKSTER**

**Maandag 25 Mei 2020**

**Ek glo aan 'n gemeenskap  
van gelowiges.**

**Die gemeenskap in Jerusalem**



Goeie dag aan almal – welkom by ons twee Pinksterdiens hier op Maandag 25 Mei. Gister het ons by die vraag uitgebring: Hoe maak ons sin van tye soos hierdie waar ons met soveel onsekerhede gekonfronteer word? Wat moet ons (ek) nou doen? Die verhale van die eerste gelowiges help ons, omdat dit wys hoe die Heilige Gees deur eeue heen gelowiges prakties rigting gegee het om altyd met sin in die onbekende te leef.

Alhoewel ons almal gedurende Pinkster 2020 in dieselfde realiteit van 'n pandemie leef verskil die uitdagings wat ons in hierdie tyd moet hanteer van mekaar. Soos gister wil ek weer vra: Wat is die uitdagings waarvoor jy in hierdie tyd staan? Wat is die emosies en perspektiewe wat in jou leef?

Wanneer ons nou saam gaan bid, raak bewus hoe die Heilige Gees juis deur die dinge wat jy bid, dink en ervaar met jou in hierdie omstandighede praat.

### **GEBED**

Wat is nou eintlik die werklikheid, Here?  
Is dit die gereelde nuus bulletins met informasie oor  
die stand van infeksie en sterftesyfers en die  
die ekonomiese indekse wat ons sakke raak?  
Waar in lê die werklikheid vandag?  
Diep in my weet ek natuurlik dat ek net die antwoord sal weet  
wanneer ek U gedagtes dink en na die wêreld,

hierdie hede deur U oë kyk.

Here maak my immuun vir die aanslag van 'n skynwerklikheid,

En laat U waarheid soos die Heilige Gees

dit in my hede spreek my hart verlig.

Alleen in U lig sien ons die lig.

AMEN

Ons teksgedeelte vir vandag is Handeling 2:43-47. Die tema: **“Ek glo aan ‘n gemeenskap van heiliges” (Geloofsbelydenis vir Nicea en Apostoliese geloofsbelydenis).**

Ons gemeente het 'n besondere verbintenis met die Lutherse gemeente in Fürstenfeldbruck in Duitsland. Ons het hulle gevra om ons 'n foto te stuur van wat in hierdie grendeltyd in hulle gemeentes aan die gang is. Op die een foto sien 'n mens die leë kerkgebou en op 'n ander 'n banier voor die kerk wat lees: “Ek leef en daarom sal julle leef”.



**Wat beteken dit dat ek in hierdie belydenis glo: Ek glo aan 'n gemeenskap van die heiliges. Ons bely dat ons verbintnisse met mekaar in die geloofsgemeenskap waar ons bly en leef 'n belangrike rol speel om van die onbekende sin te maak en betekenisvol te lewe.**

**Lees die teks**

Ek vermoed dat wanneer ons hierdie spesifieke teks lees, ons aan die gemeenskap in Jerusalem dink as die voorbeeld die eerste Christen kerk en daarom die perfekte model van die outentieke kerk waarna ons vandag moet terugkeer. Ek het gister genoem dat verhare van geloof gemeenskappe meer divers was as wat ons tradisioneel dink en dat die gemeentes in Jerusalem, Antiogië, Filippie en Rome baie van mekaar verskil het.

Die eerste formele kerkgeboue vir die eerste keer aan die begin van die 4 de eeu verskyn en die Bybel soos ons dit het, kom eers uit die begin van die 5 de eeu toe 'n sterker eenvormigheid in godsdienstige standpunte ontstaan het (geloofsbelydenis van Nicea – 325 nC).

Waarom lê die outentiekheid van 'n geloofsgemeenskap? Vir die eerste gelowiges was dit nie soseer in 'n tipe model, kerkgebou of self boek nie, maar in die manier waarop gelowiges onder die leiding van die Heilige Gees in hulle midde kon reageer om relevante lewens te lei. Dit is die storie wat Paulus van vertel in sy sending reis (briewe wat later in die Bybel opgeneem is).

'n Paar interessante perspektiewe op wat die eerste gelowiges in Jerusalem na die uitstorting van die Heilige Gees anders of uniek gemaak het:

1. **Wie was hulle?** Die gelowiges in Jerusalem wat in Handeling 2 genoem is nie Christene genoem nie. Die Bybel self verwys na hulle as “mense van die weg/leer” of die “Nasareners” (Hand. 9:2, 24:5). Ons gaan more by 'n teks uitkom (Hand. 11:26) waarin later na gelowiges as Christene verwys is. So wie was hulle?
2. **Deel van 'n groter Joodse groep.** Die gelowiges in Jerusalem was almal Jode (die gemeenskap het uit Hebreeus en Griekssprekende Jode bestaan) wat geglo het in Jesus as die beloofde Joodse Messias wat na sy hemelvaart spoedig nog in hulle eie leeftyd sou terugkeer. Hierdie verwagting het egter nie gerealiseer nie met die gevolg dat die gemeenskap gou verarm het. Lees in 1 Kor. 16:1-4, 2 Kor. 8:1-9:15, Gal. 2:10 en Rom. 15:25-31 hoe Paulus tydens sy reis in Klein Asië vir hulle geld insamel. Hulle het dus daagliks

ongehinderd saam ander groepe soos die Fariseërs en Sadduseërs in die tempel aanbid, maar dan in huise die nagmaal gevier (sien die artikels op die Stellenberg webruimte as julle meer daaroor wil lees).

- 3. Was hulle die eerste en enigste geloofsgemeenskap?** Die antwoord is verrassend, nee! Wat het van die duisende mense geword wat Jesus daagliks vroeër in sy bediening in Galilea gevolg het? Op Paulus se sending reis kom hy af op gemeenskappe wat reeds in Jesus glo. Sommige is deur Jesus se prediking in Galilea aangeraak, terwyl ander moontlik deel was van die skare wat op Pinksterdag en met die boodskap terugkeer het huis toe. Ons probeer dikwels van die werking van die Heilige Gees sin maak deur dit in te pas by ons eie konsep van tyd en geografie, terwyl God veel wyer en groter werk.
- 4. Wat maak hulle dus uniek?** Die kern van hulle identiteit het nie in 'n kerk of selfs die Bybel gelê nie, maar in die nagmaal wat hulle gevier het. Dit was nie 'n aparte godsdienstige ritueel nie, maar deel van wanneer hulle gereeld saam geëet het. Hierin, in die gemeenskap van die gelowiges, het hulle die teenwoordigheid van die Heilige Gees op 'n besondere en eenvoudige wyse beleef.

Net vir interessantheid: Die afgelope paar jaar het argeoloë afgekom op klein strukture (die eerste indikasie van die transisie van huis kerke na formele geboue) wat as getuie dien van sulke groepe waarvan die Bybel nie melding maak nie (die Megiddo kerk in Israel is een so 'n voorbeeld). Al hierdie strukture het een ding in gemeen: Die viering van die nagmaal.

- 5. Wat beteken dit prakties?** Hierdie volgende gedeelte is die kern van ons boodskap vanoggend. Hulle het die Heilige Gees prakties beleef in - God se genade soos gedemonstreer deur Jesus se dood en opstanding deur die brood en wyn. Hierdie genade het hulle vrygewig en innoverend gemaak met die gevolg dat ons in Handeling 2:47 lees: "die hele volk (Jode) hulle goedgesind was". 'n Voorbeeld hiervan kry ons in Handeling 6 wanneer dit prakties oor die versorging van weduwees gaan

## **Wat moet ons nou doen?**

Daar is 'n rympie wat kinders met hulle hand uitbeeld wat sê: *This is the church, this is the steeple – open the doors and see all the people.*

Glo jy aan die gemeenskap van gelowiges? Dat die Here op 'n baie besondere manier deur die mense in jou geloof gemeenskap werk? Dat die manier waarop ons spontaan op die Here se genade reageer ons help om van die onbekende sin te maak? Dat dit vir ander nuwe sin kan bring? Kerke oor die wêreld se deure mag vir dienste toe wees, maar laat toe dat die Heilige Gees dit op 'n besondere manier vir jou in hierdie grendeltyd oopsluit.

### **“Ek leef en daarom sal julle leef”**

Wat moet ek nou doen? Daar is nie 'n resep nie, maar laat toe dat die Here se genade jou vrygewig en innoverend maak vir dit wat in hierdie tyd nodig is.

#### **GEBED**

Heilige Gees, bly by my:

Wees die inspirasie vir al my gedagtes;

Deurdring my verbeelding;

suggereer wat ek moet besluit;

bestuur my aksies.

Sluit my hede oop sodat ek in hierdie grendeltyd die mense tussen wie U my vandag geplaas het anders sien. 'n Gemeenskap wat ek as vanselfsprekend aanvaar het.

Here ek bid dat u genade deur my huiwering, onsekerheid sal deurbreek.

Ek wil die vryheid en spontaniteit van U Gees beleef, soos die eerste gelowiges in Jerusalem wat 'n wêreld se verskil gemaak het.

Here, wys my nou wat om te doen.

#### **AMEN**

More reis ons op die ou Romeinse hoofweg, die *via Maris*, na die eerste gelowiges in Antiogië.